DEEL 114 | WEEK 4 | 28 JANUARIE 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# KONSENTRASIEKAMP GRAFTE ONDER WATER

Dit is werklik 'n tragiese gesig om te sien hoe 122 jaar se geskiedenis onder die water lê. Die abnormale hoë reënval van die afgelope tyd het die water in die konsentrasiekamp-begraafplaas laat opdam en gevolglik lê die grafte onder water. Die situasie kon verhoed gewees het deur nie persone onbepland te laat begrawe aan twee kante van die begraafplaas nie. Dit het 'n wal gevorm wat tot die opdamming gelei het. Na plasings op sosiale media het die publiek heftig reageer en Danie Knoetze het aangebied om die water uit te pomp. Hy het 'n borg gekry vir petrol vir sy sentrifugale pomp en dit het hom twee dae geneem om die werk te doen. Hierdie is die korttermyn oplossing en sal daar volgens hom 'n dreinsisteem gebou moet word en ook sal die stormwater in die pad voor die begraafplaas, herlei moet word. AfriForum, FAK en Erfenisstigting het reeds hulle hulp aangebied. "So kan ons nie ons erfenis en dit wat kosbaar is tot niet laat gaan nie", was AfriForum Heilbron se kommentaar. Lees ook berig op bladsy 6.

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
gems
GEMS Health Screening Benefits
@ Platteland Pharmacy

| Description | Age Restriction | Frequency | Gender Restriction |
|---|---|---|---|
| Blood Glucose Test | 20+ | 2 per year | none |
| Blood Cholesterol Test | 20+ | 2 per year | none |
| Pre-Counselling (no test done) | none | 2 per year | none |
| HIV & AIDS Testing and Post Counselling | none | 2 per year | none |
| Pregnancy Screening Test | 12+ | 4 per year | females only |
| Urine Analysis | none | 4 per year | none |

063 721 4950 087 527 0723

LW PANELBEATERS
22 Breë Straat • Heilbron
• Polish voertuie
• Paneelklopwerk en herstel op enige voertuie
• Resprays en Touch-ups
• Fibreglass-werk
• Stickers plak
• Plastic repair
VIR ENIGE KWOTASIES OF NAVRAE KONTAK:
LOTIE VAN WYK - 072 922 9908
WIKUS VAN WYK - 079 040 4527

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae – Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
www.bkb.co.za

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078
POSTNET HEILBRON

# MATRIEKUITSLAE • MATRIEKUITSLAE • MATRIEKUITSLAE

## Hoërskool Reitz

Verlede jaar het Hoërskool Reitz 22 matrikulante ingeskryf vir die matriekeindeksamen. Die skool spog met 23 vakonderskeidings en 'n 100% slaagsyfer met 82% universiteitsvrystelling.

Die Toppresteerders sluit in:
Carlize de Bruyn - 5 onderskeidings
Wiroeské de Wet - 4 onderskeidings
Cherene Koekemoer - 3 onderskeidings
Uniek: 4 Toerisme leerders met 4 onderskeidings en 'n gemiddeld van 88,8%

Ander leerders wat ook onderskeidings gekry het sluit in: Megan Byliefeldt, Megan Da Coinceicao, Aluschka Heymans, Henco Swanepoel, Danika Hudson, Janus Oosthuizen en Anica Wapenaar.

"Baie dankbaar vir groot genade", sê skoolhoof, Uys le Roux. Hy vertel ook dat hy positief is dat hierdie jaar se leerders nog beter resultate vir die skool sal oplewer.



*Carlize de Bruyn*



*Wiroeské de Wet*



*Cherene Koekemoer*

## BAIE GELUK

Nukleus Sentrum in Heilbron wil vir Wilné Els baie geluk sê met haar matriekresultate. Sy het baie hard gewerk en al haar vakke goed geslaag.



## PASSED IEB GRADE 12



*Congratulations to Refiloe Sejake, School of Destiny's first IEB Hatfield online student, who passed her IEB Grade 12 exams. "We are so proud of you, and we know God will bless your future in abundance."*

## Hoërskool Heilbron

Die 2021-Matrieks maak ons TROTS. Vir die 25ste jaar behaal ons 'n 100%-slaagsyfer!!

Daar was 24 matrieks in 2021 en die skool behaal 17 onderskeidings. Leerlinge slaag die NSS-eksamen met vereistes vir Baccalaureus graadstudie (83.3%)


Klasgemiddeld: 60.56 %

**VAK-ONDERSKEIDINGS**


| | |
|---|---|
| Afrikaans | (1) |
| Engels | (6) |
| Lewensoriëntering | (7) |
| Lewenswetenskappe | (1) |
| Besigheidstudies | (1) |
| Rekeningkunde | (1) |

Slaag met 'n B-gemiddeld (70-79%) = 6 matrikulante
Slaag met 'n C-gemiddeld (60-69%) = 4 matrikulante

**Die Top 6 vir Gr 12 – NSS 2021-eksamen:**
**1. Danica Boucher -78.14%**
(3 Onderskeidings: Lewensoriëntering, Engels en Rekeningkunde)
**2. Danielle van Wyk -77.43%**
(2 Onderskeidings: Lewensoriëntering en Engels)
**3. Jeanne van Wyk -77.43%**
(3 Onderskeidings: Lewensoriëntering, Engels en Lewenswetenskappe)
**4. Carike Erasmus -76.28%**
(2 Onderskeidings: Lewensoriëntering en Engels)
**5. André Muller -73.00%**
(4 Onderskeidings: Lewensoriëntering, Engels, Afrikaans en Besigheidstudies)
**6. Erna Els - 72.57%** (1 Onderskeiding: Lewensoriëntering)
**Ander leerders met onderskeidings**
**7. Theresa Brits**
(1 Onderskeiding: Engels)
**8. Dian Bosman**
(1 Onderskeiding: Lewensoriëntering)




*Danica Boucher*




*Danielle van Wyk*




*Jeanne van Wyk*



*Carike Erasmus*



*André Muller*



*Erna Els*



## 100% en "Well Done" Funksie - Hoërskool Wilgerivier

Hoërskool Wilgerivier se matriekleerlinge van 2021 het goed gevaar tydens verlede jaar se matriekeindeksamen en behaal 'n 100% slaagsyfer. Daar was 38 matrieks en die skool behaal 57 A-Simbole en 55 B-simbole. Die leerlinge slaag die NSS-eksamen met vereistes vir Baccalaureus graadstudie (89.47%).

Drie leerders kry 7 onderskeidings waarvan twee in die Top 50 in die Vrystaat was. Beide Isa-Mari van den Berg en Marike Mulle is genooi deur die Vrystaatse Onderwysdepartement na die Well Done funksie in Bloemfontein. Dit is 'n prestige geleentheid waarna die toppresteerders landswyd genooi word.

Ander topprestasies vir die Wilgies: 4 van 9 leerders wat Rekeningkunde as 'n vak het, het onderskeidings gekry en behaal 'n gemiddeld van 74,44%. Sewe leerders in die Vrystaat het onderskeidings vir Landboutegnologie gekry, en ses van die 7 het aan Hoërskool Wilgerivier gematrikuleer.

**VAK-ONDERSKEIDINGS**
Afrikaans (6)
Engels (10)
Lewensoriëntering (12)
Lewenswetenskappe (6)
Landbou Tegnologie (6)
Wiskundige Geleterdheid (3)
Fisiese Wetenskap (4)
Wiskunde (4)
Toerisme (1)
Rekeningkunde (4)
IGO (1)

**Die Top 3 vir Gr 12 – NSS 2021-eksamen:**
**1. Isa-Mari van den Berg – 91.57%** - (7 Onderskeidings)
**2. Marike Muller – 90.71%** - (7 Onderskeidings)
**3. Lize Lange – 86.71%** - 7 Onderskeidings

Ander toppresteerders sluit in HW Müller (6 Onderskeidings), Wilandri Naudé (6 Onderskeidings), Christine de Jager (4 Onderskeidings), Kylie de Klerk (4 Onderskeidings).



*Isa-Mari van den Berg*



*Lize Lange*



*Marike Muller*


# WELKOM JUFFROU WINNIE



*Kleuterkasteel het die nuwe jaar afgeskop met 'n nuwe onderwyser wat by die span aangesluit het. Juffrou Winnie Meiring is aangestel vir die onderrig-klas van die Graad R leerders by die Kleuterskool in Heilbron.*








TELWIEDRE-VOERE

**ADVERTISEMENT**

**VACANCY**

**Position: Quality Controller**

We are currently seeking a highly-skilled, reliable, self-motivated Quality Controller to join our growing team

**Requirements and Qualifications.**

- A BSc Agric Animal Science or any B.Sc. degree will be an advantage, but not compulsory.
- Experience in a similar position will be an advantage.
- Computer literacy is a must (Excel, PowerPoint and Word).
- You will be expected to communicate fluently in Afrikaans and English.
- The person should be self-driven and motivate himself/herself within the company.
- The person must be a team player.

**Responsibilities:**

1. Working in the quality assurance system within the factory and Audit preparations.
2. Monitoring and reporting the general quality of raw materials and final product.
3. Record various sample results as received from suppliers.
4. Manage moisture tests, mixing effectiveness, bunker rotation, salvage samples, pest control and biosecurity.
5. Compiling reports of raw materials received by the marketing team.
6. Compiling reports regarding disabilities.
7. Upkeep of raw materials matrix.
8. Validation and arraigning of servicing equipment.
9. Keep a record of scale calibrations.
10. Involved in AFRI compliance and ISO audits.
11. Research on raw materials.

**CLOSING DATE : FRIDAY, 04 FEBRUARY 2022**

**THOSE INTERESTED:**
Email your resumé, cover letter and copy of degree to admin@telwiedre.co.za ASAP.

AFMA



# VASVRAE SKOP 2022 AF

Ds Tiaan Victor het die Huppel Trippel Klub se eerste saamkuier vir die jaar geopen. Daarná het die breinselle behoorlik 'getrippel' om die Vasvra-vrae te kon beantwoord. Kyk bietjie of jy hierdie Huppel Trippel-vrae kan antwoord: Kan honde kleur sien? Hoeveel mense was saam met Noag in die ark? Hoeveel groewe is daar op 'n langspeelplaat? Is 'n likkewaan 'n akkedis? Wat is die verskille tussen 'n wit en swart renoster? Wie het vir dr Verwoerd met 'n mes gesteek? Daar was meer as 40 sulkes. Agterna het hulle heerlik saamgekuier oor 'n koppie tee of koffie. Die aanhaling vir die dag is: Stel gerus uit tot môre wat jy bereid is om onklaar te laat as jy vannag sou doodgaan. Op 8 Februarie DV is ons program NOOT VIR NOOT met Martie Olivier. Die Huppel Trippel Klub nooi elke senior wat in die dorp of distrik woon uit om ons saamkuiers gratis by te woon; en sodoende deel te hê aan 'n aangename, stimulerende en positiewe oggend.





**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE:**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30 | **Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006***

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# *Uit die pen:*



## WEEK 4 VAN 2022

Toe was daar Fielie en Frannie. Weereens nie hulle regte name nie, “to protect the innocent”.

Fielie was korterig met die lyf van ’n naelloper. Ylerige blonde hare. Blykbaar was die 100m rekord wat hy as student by een of ander Universiteit behaal het, nog nie geslaan nie. Fielie het flambojante hemde gedra met interessante dasse. Hy was nogal ’n fat op sy dae. (Onthou jy nog die woord “fat”?) ’n Gesprek met Fielie was ’n snaakse affêre, want hy het aanmekaar “hû-hû-hû” gesê. Amper soos Kersvader, maar net nie met soveel ywer nie.

Fielie sou jou in die oggend groet met “En wat sê jy alles, hû-hû-hû?” Dit het my baie senuweeagtig gemaak, want ek het nooit geweet wat die regte antwoord op sy vraag was nie.

Frannie was weer teenoorgesteld: donker hare wat more moontlik pers of rooi kon wees, lank en groot van gestalte. Sy het nie baie omgegee wat sy gedra het nie, en het soms sommer kaalvoet geloop.

Frannie het by familie van haar gewerk, maar wat presies sy gedoen het, weet ek nie. Sy was “loud” en het kliphard gelag, Fielie het, soos met sy hû-hû-hû, net ha-ha-ha gelag.

Een oggend kom Fielie die personeelkamer binne. Voordat hy die deur oopmaak, skree hy van buite af: “Julle mag nie lag nie.”

Almal hou asem op. Fielie stoot die deur stadig oop en ons sien eerste sy rooi-pienk hare. Frannie het mercurochrome in die sjampoebottel gegooi en Fielie het sy hare daarmee probeer was.

Die koshuispersoneel besluit dat die koshuis effense verfraaiing nodig het. Dalk verf hier of daar, en dalk ’n skilderytjie of iets moois teen daardie muur. Toe die personeel na die skoolvakansie weer by die koshuis kom, het Frannie die ingangsportaal geverf. Sy het polistireen glasies geverf en dit teen die muur vasgeplak. Die drie varkies het teen die muur gepryk, sowel as ’n reuse pikswart spinnekop. Maande later is die hele koshuis oorgeverf.

In Fielie en Frannie se sitkamer was ’n reuse kandelaar: gemaak van onderklere. Presies hoe en waar die kandelaar vandaan kom, was vir ons ’n raaisel.

Ons het altyd gesê dat niemand by hulle huis sou inbreek en kom steel nie, want hulle sou dink dat daar reeds ingebreek was: die goeters het die hele wêreld vol gelê, klere was oor stoele gegooi en daar was duisende kaggelgoetertjies orals.

Fielie se kar was ook ge-Frannie: daar was allerhande teddies en snaakse goeters in die kar. Diertjies wie se koppe ritmies heen- en weer geswaai het en allerhande kraletjies wat vanaf die truspieëltjie gehang het.

Fielie was die enigste busbestuurder wat ’n spoedkaartjie gekry het: die bus het 85 km/h in ’n 60 km/h sone gery. Ons was stomgeslaan, want niemand het geweet dat die ou Mercedes enigsins vinniger as 70 km/h kon ry nie.

Frannie het my kom vertel dat sy vir my ’n toe-oë afspraak reël. Sy het my alles van die persoon vertel, en dit het al gevoel asof ek die man vir jare ken. Frannie het hom ook laat weet dat sy ’n toe-oë afspraak vir hom met my reël, en ook uitgewy oor my.

Die aand toe ons mekaar in Fielie en Frannie se woonstel ontmoet, bars ons altwee uit van die lag. ’n Toe-oog afspraak is veronderstel om ’n effense misterie daar rondom te hê, maar nie as Frannie dit reël nie. Ek en Toe-oog het dit ’n jaar of twee saam gewaag, maar dit het nie gewerk nie.

Die Onderwysdepartement het een dag per maand siekverlof toegestaan, en oor ’n siklus van drie jaar kon jy tegnies 36 dae lank siek wees. Fielie het van hierdie aanbod gebruik gemaak deur een keer per maand “siek” te wees. Of hy regtig was, weet ek nie.

Fielie was ’n ryke bron van interessante inligting: hy het my vertel van die hoogste berg op die Maan, verskillende ontdekkingsreisigers en verskeie sportprestasies. En van rugby. Hy kon jou vir ure vermaak met verskillende rugbystaaltjies.

Frannie het, jare nadat sy en Fielie getroud is, swanger geraak. Sy het sulke rent-a-tent klere gedra. Dan sou sy haar duim by die hals inhaak, haar rok voor oopvlêr en aankondig dat haar maag van bo-af baie groter lyk as in die spieël. Enigeen wat wou, kon saam met haar bo haar rok inloer.

Fielie en die skoolhoof het ’n liefde-haatverhouding gehad: wanneer Fielie iets met die rugby- of atletiekspan te doene moes hê, was hy tops, maar in ander tye was Fielie laag op die voedselketting.

Fielie was eintlik baie snaaks. Op ’n goeie dag moes hy ’n faks na drie buurskole stuur met die name en geboortesertifikate van sy rugbyspannetjie. Hy het drie afskrifte gemaak en die kantoordame gevra om elkeen na die afsonderlike buurskool te stuur.

Iemand het eendag vir Fielie in die skool se instapkluis toegesluit. Die lig ook afgesit. Wanneer iemand daar verbygeloop het, het Fielie saggies gesê: “Maak asseblief oop. Maak asseblief oop.” Die verbyloper kon net sagte mompelklanke hoor en hom dan nie daaraan gesteur nie. Totdat Fielie begin gil het. Toe spring hulle om hom oopgesluit te kry!

Frannie het gereeld by my kom kuier, maar gewoonlik net wanneer Fielie haar kwaad gemaak het. Een dag het sy my kom vertel van die nuwe man in haar lewe. In kleur en geur het ek gehoor van hulle eskapades. Ek wou ontplof! Regtig, jy kan nie twee mans aanhou nie! Besluit wie jy wil hê en los die ander een.

’n Week of wat daarna kom sê sy dat sy my raad gevolg het: Ek het mos gesê sy moet van Fielie skei, en nou gaan sy. Stomgeslaan, want dit was nie naastenby wat ek gesê het nie.

Arme ou Fielie was platgeslaan. Frannie het hulle dogter saamgevat en Fielie was alleen. Maar hy het nogsteeds hû-hû-hû gesê.

Fielie het teruggekom in die vrou-soek-mark. Uiteindelik het hy ’n dametjie opgespoor wat heeltemal die teenpool van Frannie was: geset, dieselfde muisvaal hare, rustig en op haar plek. Of hulle nog gelukkig getroud is, weet ek nie.

Soms het ek wonder hoe ek Fielie teen die wêreld kon beskerm.

# KENNISGEWINGS

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

**In the Estate of the Late:**
**Surname:** Roets
**First names:** Hendrik Adriaan
**Estate number: 5459/2021**
**Identity / passport number**: 3009115014084
**Date of death:** 13/05/2021
**Last address:** Huis Bron-van-Heil, Heilbron
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 28 January 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron Magistrate Court.
In case of a marrige in community of property:
**First Names and Surname of Surviving Spouse:**
Maria Elizabeth Roets
**Identity/Passport Number:** 351027 0005 080
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650.**

FORM JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NUMBER T3183/2009** passed by **MICHELLE ANNAMARIE DE WET, IDENTITY NUMBER: 750403 0256 089** MARRIED OUT OF COMMUNITY OF PROPERTY, in favour of **JACOBUS PETRUS MARAIS COETZEE, IDENTITY NUMBER: 520822 5018 005,** MARRIED OUT OF COMMUNITY OF PROPERTY, in respect of certain: **ERF 230 REITZ, DISTRICT REITZ, PROVINCE FREE STATE**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Bloemfontein this 19th day of January 2022.
**PETRUS JOHANNES JOUBERT**
**PEYPER ATTORNEYS, 101 OLYMPUS AVENUE, HELICON HEIGHTS,**
**BLOEMFONTEIN**
**REFERENCE: JC0034**
**amelia@peyperattorneys.co.za**
**051 444 2256**

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

# TE KOOP

**HAWER SAAD**
Hawer saad te koop @ R7/kg.
*Kontak Jan Snyman 082 677 7609*
K

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer. Tel: 058 852 3033

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**



Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# SUDUKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 2 | | 4 | | 6 | | 7 | 1 |
| | | | 9 | 3 | 7 | | | |
| 7 | | | | 1 | | | | 5 |
| 1 | 7 | | 8 | | 5 | | 4 | 6 |
| | | | 1 | | 2 | | | |
| 4 | 9 | | 7 | | 3 | | 2 | 8 |
| 5 | | | | 2 | | | | 7 |
| | | | 6 | 8 | 1 | | | |
| 3 | 1 | | 5 | | 9 | | 8 | 4 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | | | | 2 | | | |
| 9 | | | | 6 | | 3 | | |
| | | | 1 | | | | 8 | |
| | | 8 | | 3 | | | | 1 |
| | 9 | | 7 | | 4 | | 6 | |
| 3 | | | | 5 | | 9 | | |
| | 1 | | | | 7 | | | |
| | | 6 | | 1 | | | | 5 |
| | | | 4 | | | | 3 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |
| | 1 | 2 | | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| | 3 | 4 | 5 | | 6 | 1 | 8 | 2 |
| | | 1 | | 5 | 8 | 2 | | 6 |
| | | 8 | 6 | | | | | 1 |
| | 2 | | | | 7 | | 5 | |
| | | 3 | 7 | | 5 | | 2 | 8 |
| | 8 | | | 6 | | 7 | | |
| 2 | | 7 | | 8 | 3 | 6 | 1 | 5 |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller DRAAIWERKE
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

*Winkelure*
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**



# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**
save life Give blood

22 Maart
24 Mei
26 Julie
27 September
29 November




**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
· **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
· **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
· **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

**OVERNIGHT COURIER**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078 **TO ALL MAIN CENTRES**


# CHOAS IN HEILBRON BEGRAAFPLAAS

■ *Quarta Pretorius*



Hoe beskryf 'n mens die chaos en gemors in die Heilbron Begraafplaas? Voor wie se deur moet dit gelê word - Ngwathe?

As gevolg van laksheid is die helfte van die konsentrasiekamp grafte onder water. Ja, ek stem saam, dit het baie gereën, maar dit is nie 'n verskoning nie. Ek is al van 1998 by die Konsentrasiekamp Begraafplaas betrokke. Dit het met tye ook baie gereën en dit het nooit so gelyk nie. Hoekom - daar was orde by die begraafplaas. Op die oomblik lyk dit daar soos 'n swembad.

Aan twee kante van die konsentrasiekamp grafte is persone in ongemerkte grafte begrawe. Die grondhope het veroorsaak dat die water nie kan wegloop nie en nou het dit 'n dam gevorm. Wie gaan nou hierdie chaos oplos? Die Munisipaliteit? Hulle trek net hulle skouers op. Kastig nie geld nie. Daardie water sal uitgepomp moet word en wie gaan dit doen?

Ek soek die begraafplaas boek waarin grafbesprekings aangeteken is. Ek soek ook die kwitansies wat uitgereik is vir hierdie onwettige grafte. Wie trek voordeel daaruit?

In 2010 het Ngwathe na ons toe gekom en gesê die begraafplaas is vol, ons moet kyk na ander opsies. So is Vegkop deur SAHRA (South African Heritage Resource Association) goedgekeur. Ons moes 'n impakstudie doen en dit het ons 'n klomp geld gekos. Daar is ook 'n nuwe begraafplaas aan die Munisipaliteit toegeken op die Deneysville pad.

Dit is 2022 en 12 jaar later en Ngwathe begrawe nog steeds onwettig in die Heilbron Begraafplaas.

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.* Tel: 058 852 3033




# JOU BLOED RED LEWENS

## *Volgende boedskenk datum 22 Maart*

SANBS het die gemeenskap van Heilbron uitgenooi om die eerste bloedskenking van 2022 op Dinsdag 25 Januarie by die NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 – 18:00, by te woon. Met die doel om 80 eenhede bloed in te samel wat honderde lewens kan red, het hulle 'n totaal van 59 eenhede ingesamel wat byna 200 lewens kan red. SANBS wil graag alle gereelde bloedskenkers bedank en aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk. Elkeen wat nog nie bloed geskenk het nie nooi na die volgende geleentheid 22 Maart. Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

**Op die foto: Amanda Lottering en Freder Els**








**VAKANTE BETREKKING**

CH Tombstones & Granite Works

***CH Tombstones benodig die dienste van 'n Afrikaanssprekende man wat voldoen aan die volgende:***

• Betroubaar
• Netjies en stiptelik
• Geen kriminele rekord
• Hardwerkend

**POSVEREISTES:**

• Tegniese ondervinding hê in houtwerk en sweiswerk.
• Voertuig lisensie kode 8
• Algemene instandhouding

CV's kan gestuur word na admin@chtombstones.co.za of by kantoor ingehandig word, Ringerstraat 14, Heilbron.

***Sluitingsdatum vir aansoeke is 7 Februarie 2022.***

# COUNCILLORS CONGRATULATE MATRICS









All the ward Councillors took a tour to all high schools around Heilbron to congratulate them on their hard work. In Sediba-Thuto we were welcomed by Mr Sefali, in Phiritona by Mr Metsing, in Sandersville by Me Ruiters and at Heilbron High by Me Marina Van Zyl. A very warm welcome indeed.

Heilbron High = 100%
Sediba-Thuto = 92.6%
Phiritona = 91.1%
Sandersville = 73%

"We should all be proud as a town and embrace the talent we have in our midst. We have a group of dedicated teachers and motivated learners. This is the proud moment that we should never take for granted, and we should give credit where it's due." Says Johny Serati on his Facebook page.

Congratulations to our town's Top achievers:

Heilbron High: Danica Boucher
Sediba-Thuto: Tumisang Mofokeng
Phiritona: Maserame Motloung
Sandersville: Teboho Mahloane

"We are proud of you and you're champions; you have shown us that nothing is impossible when you put your mind to it. To all those who didn't make it, it's not the end of the world. Please don't be discouraged. Prepare yourself and take another shot. We love you, and we will support you. We pass our regards to hard-working educators, SGB's, learners, and the education department in the Free-State. We salute you."


Photo's: Facebook

# BOER MET OUPA JAN SE TREKKER



*Om met jou oupagrootjie se eerste trekker te kan boer is 'n ongelooflike voorreg. Die 8-jarige Wilhelm Dreyer het sy eerste lappie mielies gedurende Desember met 'n 1960 McCormick International B275 geplant. Oupa Jan Marais het die trekker in 1960 nuut gekoop vir 750 pond. Met die hulp van pa Willie Dreyer is dié veteraan uit die stoor getrek, afgestof, iets hier en daar reggemaak en siedaar, die trekker het 'n nuwe lewe en baas gekry. Natuurlik moes daar 'n planter ook wees en het hulle 'n ou Soilmaster gebruik om sy eerste mielies in die grond te kry. Wilhelm het self sy 4 hektaar land gewerk en geplant en staan sy eerste potensiële oes nou al heuphoogte.*

# HEILBRON SE JUWELIER OORLEDE



Eric Fox Juweliers was vroeër jare een van die dorp se mees bekende besighede en het kliënte van oor die land getrek om pasmaak juwele by Eric Fox(83) te bestel. Eric was 'n legende in eie reg en het Woensdag sy veertien jarelange stryd teen kolonkanker verloor. As boorling van Heilbron het hy na skool by die Lugmag aangesluit en 'n ambag gedoen as Instrumentmaker. Sy liefde om horlosies reg te maak en juwele te maak het hom laat besluit om sy eie besigheid in die sestigerjare te begin. Daar was ook 'n artikel in Huisgenoot oor hom en die diamant in sy voortand. Hy word Dinsdag om 10h00 vanuit die AGS Kerk in Heilbron begrawe. Hy laat na sy vrou Mercia, twee dogters en drie seuns.

# SO STAAN COVID NOU




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distriksgesondheidsdienste dateer tot op 26 Januarie 2022 en dui aan Ngwathe het 6201 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1440 staan en is daar 6 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 19 Januarie 2022. Verder is omliggende dorpe se getalle soos volg: Frankfort – 1773, Kroonstad – 7354, Sasolburg – 9756.
In die laaste week is daar 127 Covid-19 gevalle in die hele Fezile Dabi Distrik bygevoeg.

Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. "Booster Shots" is nou beskikbaar vir diegene bo die ouderdom van 18 jaar. J&J word toegedien +60 dae na die eerste dosis en Pfizer +180 dae na die tweede dosis. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08: 00-16:00. Die digitale inenting-sertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.

# WELKOM BY HOËRSKOOL REITZ



*Die volgende personeel het in 2022 aangesluit by Hoërskool Reitz. Hulle is van links: Sarieta Muller, Lize-mari Smith, Tesca Doman, Anneke Smith en Hattingh Coetzee.*

# ROLBALKLUB BETREE NUWE ERA



*Op die foto vl: Lieb Kriek, Carine Kriek, Babs Knoesen, Lina Nel, Hannalie Claassen en Magda Bierman.*

Tydens die Rolbalklub se jaarvergadering is daar besluit om die klublogo en kleur te verander om aan te pas by veranderde tye. Nadat verskillende voorstelle van logos ontvang en bestudeer is, is daar uiteindelik besluit op 'n tarentaal as embleem terwyl die kleur van die hemde ook verander het van die normale wit na 'n ligte blou… Nee, nee dit is nie Bloubulle nie.

Die bestuur en al die lede van die klub wil hiermee hul dank oordra aan Buffalo Valley Spur wat die Logos geborg het.

Daar word ook beplan om die binnekant van die klubhuis na baie jare bietjie op te "jazz" waartydens daar ook ruimte geskep sal word om die geskiedenis van die klub lewendig te hou.

Intussen het daar 'n positiwiteit in die klub ontstaan en spog die klub met nuwe spelers wat eenvoudig 'n nuwe gees in die klub ingebring het.

Welkom aan Edward en Sonja Muller, hul seun Christiaan, Willie Pretorius, Lieb Kriek, Jurie Jonker en Gustav Booysen. Jurie en Gustav is natuurlik vorige lede wat nou weer besluit het om hulle rolballe uit die kas te haal.

Die boereverenigings het ook besluit dit is tyd om balle te rol en eers die bale op die lande te los. Hierdie gaan weer 'n "jol" van "epidermiese" proporsies wees.

Hou volgende week se Herald dop.

Saterdag vind Valsrivier Sub-Distrik se mans en dames viere kompetisies hier plaas met 12 spanne wat mekaar die stryd gaan aansê. Heilbron stoot 3 mans en 2 dames spanne in die veld en daar is groot opgewondenheid onder die nuwe spelers wat ingeskryf het vir deelname en hulle spel sal natuurlik fyn dopgehou word vir die toekoms.

Almal is opgewonde oor die positiewe gees wat in die klub heers.


SUSTERSVERRYKING - KWARTAAL 1 - 2022
DANKBAARHEID MET LOFPRYSING
MAANDAG, 31 JANUARIE OM 17:15
REFORMEERDE KERKGEBOU OF

E&E REKENMEESTERS
Tel: 058 853 0931/2/3
Breëstraat 53 • Heilbron
BELASTINGKLERK VAKATURE
Verantwoordelikhede
· Data vaslegging
· Opstel van Finansiële state
· Indien van belastingopgawes
· Kantooradministrasie
Vaardighede
· MS Office (Word, Excel)
· Rekenaarvaardig
· Goeie menseverhouding en Kommunikasie
· Akkuraatheid van werk
· Rekeningkundige ondervinding sal voorkeur geniet.
Geskikte kandidate kan CV's epos na ezele@Heilbron.co.za of inhandig by E & E Rekenmeesters se kantoor in Breëstraat.
Aansoeke sluit 11 Februarie 2022.

15% Discount on all 2022 Diaries while stock lasts
Office National 058 852 3033

Model Manifest
We offer the following:
7 Diploma courses & 7 Department Diplomas
Teachers Diploma, Boys, Girls and Moms all ages.
Photoshoots, individual work, ramp work, group work, fashion shows, modelling and pageant competitions, TV Ads, casting agencies, charity work, porti-weekends, magazine work and interview skills
For only R250 pm
Anita Buitendag
072 576 1271
HEILBRON

Pharmacy & Clinic PLATTELAND
TRIPLE ACTION Vitamin C + Selenium & Zinc
Super Immune Booster
card R69.95
Vitamin C combined with Zinc and Selenium provides triple action immune support in one capsule!
063 721 4950 087 327 0723

VEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
PJ. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT

Winkelure
MAANDAE - DONDERDAE 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
DINSDAG - 1 FEBRUARIE 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
MRONJANENI Twee-maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
WOENSDAG - 2 FEBRUARIE 2022
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
WASBANK: LABUSCHAGNE BOERDERY
754 Beeste & 6 ryperde
11:00, plaas Blinkwater
Kontak Brokkie Brokmann 084 429 3091
DONDERDAG - 3 FEBRUARIE 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
HLUHLUWE Twee-maandelikse veiling
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225
REITZ: STRYDOM BROERS
KLIPKOP SAVM & ROSCOE SAVM
3de Produksieveiling
11:00, Roscoe, Reitz
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
VRYDAG - 4 FEBRUARIE 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
SATERDAG - 5 FEBRUARIE 2022
KROONSTAD: JOHANRI DORMERS
Produksieveiling
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za